Geestelike volwassenheid

Ongelowige mense kan ook hoë morele waardes handhaaf. Uit ervaring weet ons dat daar ongeredde mense is wat vriendelik, eerlik en getrou is, wat gesonde huweliksverhoudings het, voorbeeldige vaders en moeders is en wat pligsgetroue werknemers en werkgewers is. Hierdie kwaliteite is gewoonlik die produk van 'n goeie opvoeding wat kinders van eerbare ouers ontvang het. In terme van menslike persoonlikheidseienskappe is hulle volwasse. Alhoewel ongelowiges goeie persoonlikheidseienskappe kan openbaar, beteken dit nie dat hulle in terme van Bybelse waarheid, volwasse is nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die gerespekteerde Rooms Katolieke, heiligverklaarde non, Moeder Teresa. Sy het haar lewe gewei aan die versorging van die armes en die siekes in die krotbuurte van die wêreld. Sy was 'n voorbeeld van humanitêre liefdadigheid. Uit erkenning is sy tot met die Nobelprys bekroon. Haar welsynswerk was prysenswaardig, maar in terme van haar begrip van die Bybelse verlossingsleer, was sy baie onvolwasse; as iemand wat in universele verlossing geglo het (almal word volgens hulle eie geloofsoortuiging gered, ongeag watter god hulle aanbid), het sy nie probeer om 'n Budhis, Hindu of Muslem tot geloof in Jesus Christus te bring nie – van die Budhis wou sy net 'n beter Budhis maak, en van die Hindu, 'n beter Hindu. In haar boek, *Life in the Spirit: Reflections, Meditations and Prayers*, sê sy:

> *"Our purpose is to take God and his love to the poorest of the poor, irrespective of their ethnic origin or the faith they profess. Our discernment of aid is not the belief but the necessity. We never try to convert those whom we receive to Christianity but in our work we bear witness to the love of God's presence and if Catholics, Protestants, Buddhists, or agnostics become for this better men—simply better—we will be satisfied...If he does not know any other way and if he has no doubt so that he does not need to search then this is his way to salvation."*

Toe sy gevra is of sy mense tot bekering wil bring, was haar antwoord:

> *"Yes, I convert. I convert you to be a better Hindu, or a better Muslim, or a better Protestant, or a better Catholic, or a better Parsee, or a better Sikh, or a better Buddhist".*

(https://thegospelcoalition.org))

Ongelukkig is die teenoorgestelde ook waar. Sommige Christene besit 'n wye kennis van die inhoud van die Bybel, maar in terme van die vrug van die Gees **(Gal.5:22)**, is hulle onvolwasse. Persoonlikheidsgewys is hulle onaangenaam, onvriendelik, liefdeloos, het 'n gebrek aan selfbeheersing en gee min om vir die leed van sy medemens**.** Bybelse volwassenheid word uitgedruk in **1 Tim.4:16**:

> *"Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor."*

Die boodskap is duidelik: **wat jy is, is net so belangrik as wat jy weet!**

Nick Maartens, 0827826074, www.nickmaartens.co.za